

17 Desember

Romeine 8:18-30

(Teks: 8:18) Lewensverwagting

Desember is Kersfeesmaand en vakansiemaand. Dis verloftyd, rustyd, feestyd. Dis dié maand wat tintel van lewenslus en pols van lewensvreugde. Lewenskrag word vernuut en verfris vir 'n volgende jaar van werk. Desember is óók die maand van padongelukke, dood, selfmoord, sonde, uitbundigheid. Al is daar vreugde by die geboorte van Christus, bly die wanklank van die sonde in die refrein hoorbaar. By al die vreugde is ook smart. By die geluk ook ongeluk. By blydskap ook hartseer. By die lag ook die traan. By die fees ook die rou. Paulus skryf oor die skepping wat sug onder die gewig van die sonde (vers 20- 22). Die feesremoer van die wêreld mislei hom nie. Hy hoor hoe die skepping "sug in die pyne van verwagting" (vers 22). Paulus sien alles in perspektief. Enersyds die lyding van die hede. Andersyds die toekomstige heerlijkheid. Die lewe is 'n voortdurende lag met 'n traan, vreugde met 'n snik. Die slotsom is: Die lyde mag swaar wees, maar dit weeg nie op "teen die heerlijkheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie". Ons ly aan kortsigtigheid. Ons sien dinge op die kort termyn en dan wanhoop ons. Want dan lyk die swarkry en lyding vir jou oorweldigend groot. Dan maak die leed van die lewe jou blind vir die heerlijkheid wat God in Christus bewerk. Paulus skerp jou op om oor die grense van lyde te kyk na dié heerlijkheid wat in Jesus vir ons berei is en vir ons bewaar word.

Sing Psalm 123:1 en 2 Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)